Erik Kleinhans het vir Ariane, die Switserse meisie met haar gebroke Engels as 'n groentjie-bergfietsryer by die Cape Pioneer Trek ontmoet. Nou is Ariane sy vrou en sy trap 'n fiets hard! Annika ken hulle net sedert 2013. Dit is die storie van Ariane en Annika se wêreldwenner-vennootskap.

MARIUS MAASEWERD

Ariane en Annika het met ses skof-oorwinnings redelike gemak die eerste Swiss Epic gewen.

ARIANE EN ANNIKA, DIE WENNER-VENNOOTSKAP!

Ons het Annika Langvad leer ken by die 2013 Marathon Wêreldkampioenskappe in Kitzbuhel, Oostenryk, waar sy vir Denemarke verteenwoordig het. Daar was 'n redelike onmiddellike vriendskap en respek tussen die twee van hulle en daar het toe alreeds praatjies begin om die ABSA Cape Epic saam aan te pak, en ek wonder of selfs die twee van hulle geweet het dit is die begin van 'n wonderlike vriendskap!

In pleks daarvan om sommer net saam in die grootste bergfietsskofresies in te spring, het hulle besluit om eers hulle fietsry vernuf en persoonlikhede te beproef in die Bridge Cape Pioneer Trek. Nie dat die Pioneer enigsins te versmaai is nie en met 'n lekker dik beursie trek die pragtige resies in die Suid-Kaap ook van die beste marathonryers in die wêreld, en vir 2014 is dit selfs ook geklassifiseer op die UCI kalender.

Die Pioneer was 'n groot sukses! Nie net het hulle skoonskip gemaak deur al die skofte en die algehele titel te wen nie, maar die vriendskap was kompleet! Hoe dan nou anders? Ariane en Annika is intelligent, het vriendelike persoonlikhede, hulle gesels maklik en kom met almal oor die weg, arrogansie bestaan nie in hulle woordeboek nie, en beide is super gemotiveerd om die beste uit hulle liggame te kry vir hulle sport. Ek dink al wanneer die tweetjies potensieel gevaarlik kan raak is as iets of iemand in hulle pad staan om hulle doelwitte te bereik!

Snaaks genoeg het albei redelik laat in hulle lewens begin fietsry, Ariane in 2009 van 'n swem-agtergrond en Annika in 2008 na veelsydige fiksheidsporte soos ski en ook swem. Die twee het darem ook nie net mieliepitte tussen hulle ore nie, met Annika op die punt om haar tandheelkunde-graad te voltooi, terwyl Ariane spog met 'n Meestersgraad in Sportwetenskap. Annika het wel alreeds drie wêreldmarathontitels ingesamel insluitende die jaar in SA, waar Ariane vyfde geëindig het, maar hopelik is ten minste net een van daai titels nog vir Ariane beskore!

Die ABSA Cape Epic die jaar was volgende op hulle radar. Met Team RECM wat oorgeskuif het na die wonderlike Specialized-produkte, dieselfde as Annika se borg, het dit die logistiek van die uitstappie baie vergemaklik, veral met Bobby en Bianca van Specialized Suid-Afrika se inkoop in die projek. Weereens was dit 'n groot suksesstorie! Die algehele titel was hulle s'n. Behalwe vir 'n effense senuweeagtige eerste skof in die modder met bietjie probleme, was hulle terugveg pragtig om te volg!

In 2014 het die Swiss Epic te voorskyn gekom. Switserland is sekerlik een van die sterkste bergfietsnasies, en met die hulp van legende Thomas Frischknecht, was dit hoog tyd vir hulle om 'n top bergfietstoer aanmekaar te sit. Weereens was dit nie lank voor die tweetjies opgeteken het vir die ses-dag resies in die Valais-Alpe nie. En met nog ses skof-oorwinnings later, het hulle met redelike gemak hulle derde week-lange toer-oorwinning ingepalm in dieselfde hoeveelheid probeerslae!

Terwyl Ariane en Annika skoonskip gemaak het oor die water, het die RECM seuns darem ook nie teruggestaan in ons tuisland nie. Nico het die Nasionale XCM Series finaal by Crater Cruise gewen sowel as die algehele seriestitel met Lourens in tweede plek. En 'n week later kon ek die bekende Karoo to Coast tussen Uniondale en Knysna uiteindelik wen na menige probeerslae! FS

KARIN SCHERMBRUCKER CAPE EPIC SPORTZPICS

Die dames het terugveg na 'n swak eerste skof om die 2014 ABSA Cape Epic te wen.

"Ek dink al wanneer die tweetjies potensieel gevaarlik kan raak is as iets of iemand in hulle pad staan om hulle doelwitte te bereik!"

Scan the QR Code to read this article in english.

RECM se **Erik Kleinhans** *is een van Suid-Afrika se gewildste bergfietsjaers. Hy het sy vrou, Switserse marathonkampioen, Ariane, diep in die Kammanassieberge op die 2010 Cape Pioneer Trek ontmoet. Hy het vanjaar die Meerendal-Songo-Specialized span van Christoph Sauser en František Raboň in die Cape Epic ondersteun saam met Nico Bell. Volg hom op Twitter by @erikkleinhans of besoek sy weberf: www.kleinhansmuesli.com.*